

KI-DEO NUUSBRIEF

10 years
and growing stronger

Amper Toertyd!



Rugsakkies op die rug, windbreakers aan en ons is amper reg vir die toer! Amper 10jr oud en die jaar vier ons ons 10-jarige bestaan met 'n Opvoedkundige Toer vir ons kinders! Hoe ongelooflik is dit nie!

Ons kinders is super opgewonde en tel ons die slabies af. Vir die meeste van hulle sal dit die eerste keer wees wat hulle Kaap toe gaan en is hulle bevoorreg om plekke te gaan sien waarvan hulle nog net van geleer het! By Ki-Deo glo ons om vir ons kinders geleentheid te gee en vanjaar het die groot droom 'n realiteit geword, ons gaan Kaap toe!

Eers vining stop in Oudtshoorn waar Lynette van Spore in die Suid-Kaap vir ons die Kangogrotte, Volstruisplaas, Wilgewandel, Arbeidsgenot— C J Langenhoven se huis en vele meer gaan wys. Dan het sy ook in my oor gefluister dat die kinders 'n interaksie met olifante gaan he! Hierdie wonderlike vrou het vir ons 'n program saamgestel wat binne ons begroting pas, maar het sy ook sponsers betrokke gekry om die kostes so laag as moontlik te hou en op een of ander manier kry sy dit net reg om ons al die wonderlike goed te laat doen binne ons klein begroting! Dankie Lynette!! Hier het die Lions Club, Centurion vir ons 'n sponsor gekry en met die bedrag wat hulle vir ons gekry het, kan ons die Oudtshoorn gedeelte doen! 'n Groot dankie aan die Lions Club van Centurion en Lynette van Spore in die Suid-Kaap!

Vandaar ry ons Gordonsbaai toe waar ons

baie goedkoop verblyf gekry het en wat ook reeds gesponser is. Ons sal dan elke dag van daar af ry na die verskillende besienswaardighede. Tafelberg het vir ons kaartjies gesponser, en ons gaan Weskus op, waar ons bietjie meer gaan leer en sien van die boesmans, ook gesponser! Ons gaan Hermanus toe en met 'n boot ry om walvisse te sien, ook gesponser! Houtbaai toe en met 'n boot ry, ook gesponser! Die Open Bus bustoer doen in die Kaap, na die verskillende besienswaardighede, baie afslag gekry! En so het die Here net die een deur na die ander deur vir ons oopgemaak! Hoe ongelooflik is dit nie! Net weer 'n bewys van God se guns en genade oor Ki-Deo en dat hy hierdie baie spesiale kinders van hom wil bless met die lekker dinge in die lewe!

Ons eerste aand se oorslaap by Die Rondawel in Richmond, word ons etes asook verblyf gesponser deur Tereza van der Merwe van die gasteplaas. Ek is nog besig om te onderhandel vir die terugkomslag se oorslaap op 'n ander plaas.

Hierdie toer is en was so 'n groot geloofsaak en het ons die stappie in die geloof geneem en kyk net hoe voorsien die Here! Daar is altyd ander behoeftes en goed wat ons nodig het, maar is dit ook nodig om vir ons kinders hierdie wonderlike geleentheid te kan gee en "memories" te kan skep wat hulle altyd sal onthou!

Ons moet nog die wintersklere gaan aankoop wat hulle dan ook vir die toer sal gebruik, moet nog 'n groot trailer huur en dan is die brandstof en tolhekke ook nog 'n aansienlike bedraggie! Ons wil ook graag ons kinders bless met 'n sakgeldjie vir die toer en met alles in berekening gebring benodig ons nog ongeveer R15 000 vir die toer om die laaste goedjies te kan koop en betaal.

Indien jy wil help met die laaste bedraggie, kan jy my kontak of in Ki-Deo se rekening inbetaal. Die bankbesonderhede is soos volg: Ki-Deo. ABSA 10500 40654, Verw. MSK-KH Toer,

Ons se dankie aan die volgende mense wat sover gehelp het om die toer moontlik te maak:

- *Unitas Hospitaal vir die Noodhulpsakkie*
- *Tereza van der Merwe van die Rondawel Gasteplaas vir etes en verblyf oppad Kaap toe.*
- *Lisa Paterson van Tafelberg Kabelkarretjie vir ons gratis kaartjies.*
- *Lynette van Spore in die Suid-Kaap vir afslag en beter pryse vir verblyf en aktiwiteit om in ons begroting te pas.*
- *Lions Club, Centurion vir borge betrokke vir die Oudtshoorn trippie*
- *Jacky Melenephy van Khwattu vir ons Boesmans inligtingsessie en toer wat gesponser word.*
- *Julia van Circe Launches vir ons boottrippie in Houtbaai.*
- *Southern Right Charters— Hermanus boottrippie*
- *Vodacom vir windbreakers en fleesy tops.*
- *Die Taalmonument vir spesiale afslag.*
- *Jos en Lida vir warm baadjies*
- *Mandie van die Rooi bus (Open bus) vir groot afslag op kaartjies om Kaapstad te verken*
- *Tabana Investments CC: Kontant*
- *Real Insight: Kontant*
- *Marna en Gert Scheepers: Kontant*
- *ABSA wat nog besig is om geld in te samel tussen hul personeel*
- *Daar was nog kontant inbetalings maar ongelukkig het ek nie name by nie, julle weet wie julle is, baie baie dankie!*

Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie- en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaasmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Spesiale Fondsinsameling

Op **25 Junie**, net so 2 dae voor ons toer nou ons almal uit om deel te wees van die spesiale fondsinsamelingsprojek by Lifestyle Centre se Spur. Zein van die Bihrdies het dit goedgegedunk om met die eienaar van die Spur by Lifestyle te gaan gesels en te hoor of ons nie 'n "Shadow aand" kan hou ten bate van Ki-Deo vir ons bus-sie nie. Hy was onmiddellik oop hiervoor en sal 'n tiende van die opbrengs van die aand aan Ki-Deo geskenk word!

Ons nou almal uit om op **Donderdag, 25 Junie** by ons te kom aansluit en deur jou eie gesin te trakteeer, help jy ook om 'n geldjie aan Ki-Deo te skenk vir ons bus-sie!

Ons kinders gaan in aksie wees en gaan die waiters help met die bediening! So, hierdie klompie gaan bietjie werk en help om geld in te samel vir ons bussie!

Nooi asb almal wat julle ken, jou bure, jou familie, jou vriende, almal of Face-book en laat ons die restaurant volpak en volhou met baie eet en drink en op hierdie vrolike noot help almal Ki-Deo om in 'n jap-trap 'n geldjie te maak en help elke sent om ons droombussie te kan koop! Dankie aan Incline Inspec-

tions wat R40 000 bygedra het, Breathe Consulting wat ook R40 000 bygedra het en Hannes Hattingh wat sy boot verkoop het en R30 000 bygedra het ten bate van ons bussie waarvoor ons geld insamel. 'n Groot dankie ook aan die Dennis Lloyd Foundation vir R15 000. Huidiglik het ons al R125 000 en benodig nog ongeveer R225 000 om 'n bussie te kan aan-koop.

Die ander opsie sal wees om die R125 000 neer te sit as deposito en dat mense ons dan kan help met 'n maandelikse bydrae om die paaient aan te vul. Op die stadium kyk ons na 'n Quantum of Nissan bus-sie en moet nog terugvoer kry van verskeie mense vir kwotasies en dan 'n besluit maak.

Ons hou julle op hoogte maar intussen moet julle asb die **25ste Junie** oophou en ons kom ondersteun by die **Spur by Lifestyle Centre!**

Dit gaan sommer 'n lekker kuier aand wees en sien ons kinders vreeslik uit daarna!

Onthou: Jy is genooi!!
Dagboek 25 Junie en kom help om 'n verskil te maak!

Sien jou daar!!

Ons bid saam:

1. *Dat die Here finansies sal losmaak vir Ki-Deo, dat Hy sal voorsien en dat ons onafhanklik sal staan van die subsidies ontvang omrede dit so wisselvallig is!*
2. *Bussie: groot geloofsaak!*
3. *Maandelikse kruideniersware, dat mense sal inkoop by ons emmerprojek en maandeliks sal bydra!*
4. *Ons kinders wat nog deur soveel issues gaan, dat Jesus stukkende hartjies sal heelmaak en 'n ommekeer in elkeen se lewe sal plaasvind!*
5. *Ons Toer, dat Jesus sal voorsien in alles wat ons nog benodig!*
6. *Ek vra Jesus vir Sy guns en sien oor ons huis en dat Sy Heilige Gees my elke dag sal lei om die regte besluite te maak en dat Hy my sal lei in elke situasie!*

Maniere om betrokke te raak:

- *Help met maandelikse kruideniersware*
- *Naweek- en vakansieouers*
- *Help met kinderpartytjies*
- *Help met toiletware en medikasie op 'n maandelikse basis*
- *Help met huiswerk en take*
- *Bederfie met kitsetes of uitstappies*
- *Maandelikse finansiële hulp*

Toekomstige Projekte:

- *Dak regmaak*
- *Verf van die huis: binne en buite*
- *Paving oordoen*
- *Buitebraai bou*

Ons is 'n geregistreerde welsyns organisasie met die nodige NPO en BEE (82%) sertifikate en kan 'n artikel 18A ook uitreik word vir enige donasie ontvang:

Kontak my gerus by:
083 696 8600 / 012 644-2524
theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za
Volg ons op Facebook:
Ki-Deo, vir al die nuus!



Tukkies studente

Gaan goed met ons Tukkies studente en lyk hul punte sover ook goed. Die eksamen is om die draai en knaag die senuwees maar, maar ons weet dat hulle kan en dat hulle sommer baie goed sal doen! Dankie aan Mariecel van Jaarsveld van die Bihrdies en aan Dave van Jaarsveld wat elkeen 'n laptop aan ons twee studente geskenk het om te help met hul take en aanbiedings! Dit is 'n ongelooflike geskenk en weet dat dit met baie liefde gegee word!